

BEST SELLER
Pad na Kalif
Anna Schonfrucht

PAD NA KALIF

deur

ANNA SCHONFRUCHT

Uitgegee deur:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2019

Pad na Kalif

Eerste Druk in 2019.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

PAD NA KALIF
deur Anna Schonfrucht

ISBN 978-1-928402-52-7

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Anna Schonfrucht (2019)

Aanlyn Boekwinkel: https://sqrindle.com/author/anna

Webwerf: http://www.softcoverbooks.co.za

OPSOMMING

Hierdie boek gaan oor Azara, die beeldskone dogter van die argeoloog Dr Ed Millar. Sy het in ’n klooster grootgeword en op die rype ouderdom van negentien volg sy haar pa op ’n kameel deur die Sahara woestyn, toe hy na ’n opgrawingsgebied moes gaan, naby die oase Kalif. In die Sahara word sy gou raakgesien en kort daarna ontvoer, deur ’n donker geklede en geheimsinnige Toeareg, genaamd El Khobar.

Terug in Engeland word sy in die sorg geplaas van die baie aantreklike en skatryk man, Ben Cavanaugh. Vasgevang in hierdie twee groot liefdes in haar lewe, bevind sy haarself in die dilemma van wie van die twee mans sy moet kies, as die man van haar drome.

UITTREKSEL

Swart en wit en donker blou geklede ruiters is besig om vinnig te nader. “El Khobar! Dis E1 Khobar!” kom dit van alle kante af.

Uitbundige uitroepe van vreugde klink oral op en net so uitbundig is die uitroepe van die donker ruiters. Daar word oor en weer goeie wense na mekaar uitgeroep.

Azara herken sy lang gestalte dadelik en met een lang tree is sy agter haar vader se rug om nie deur hom raakgesien te word nie. Dit is nou te laat vir haar om terug tent toe te probeer hardloop, want dan sal sy beslis aandag trek.

Sy kleredrag lyk effens anders as toe sy hom laas gesien het, maar sy lenige gestalte en breë skouers sal maklik enige man wat naby hom staan, kan intimideer. So ook straal daar integriteit uit sy voorkoms sonder dat ’n mens hoef te sien hoe hy lyk. Hy laat haar dadelik dink aan een van die romantiese Arabiese helde uit ’n ou film.

HOOFSTUK 1

Dit is ’n oggend soos enige ander oggend in Algiers. Die Imam het reeds sy vroegoggend gebed oor die stad uitgesing en die duiwe wat op die minarette gesit het, laat opvlieg. Sierlik en in formasie het hulle hoog in die blou hemel gesirkel om ’n rukkie later weer op dieselfde plek te gaan sit.

Elke dag is maar feitlik dieselfde en die vroegoggendverkeer en straatverkopers is op dieselfde tyd soos altyd in Algiers, aan die beweeg en dit lyk asof die tyd gaan stilstaan het.

Op die groot stoep van die Gobera, ’n bekende hotel in die stad, sit die besoekers reeds van vroeg af bankvas by elkeen van die vele tafels. Die dag is al bedompig warm en die palms wat oral groen teen die mure in potte staan, bring ’n sielkundige gevoel van koel kalmte.

By een van hierdie tafeltjies sit drie mans en gesels. Die kelner het reeds hul tafel kom afdek en het so pas hul koffie neergesit, toe een man opkyk en die jong meisie sien wat besig is om die breë trap na die stoep op te klim.

Die oggendson agter haar het haar lang, rooi, krullerige hare in ’n vuurvlam van rooigoud verander. Dit en die smaraggroen van haar oë, komplimenteer die roomkleurige rok wat sy aan het.

Soos sy loop, beweeg die materiaal van die wye romp verleidelik om haar bene. Nee, loop is die verkeerde woord, haar heupe het ’n aanloklike natuurlike swaai en tog wil ’n mens die indruk kry dat sy soos ’n swaan beweeg. ’n Swaan op ’n gladde meer. Dit lyk asof sy onbewus is van die wêreld om haar, van die koppe wat sy laat draai, maar tog ook van alles bewus is.

Sy laat hom dink aan die sandduine van die Sahara waar die son die sand liefkoos met ’n warm, smeulende hartstog.

Sy sakevennote is onbewus van die beeldskone vrou wat agter hulle verbyloop, maar hy is intens bewus van die feit dat sy lewe nooit weer dieselfde kan wees nie. Dan trek hy sy oë op skrefies sodat hy haar ongemerk verder kan dophou.

’n Opgewonde gevoel het nou van hom besit geneem en die hand wat die koppie vashou bewe liggies toe hy die sterk swart koffie vinnig afsluk en die paar sekondes wat dit neem, help hom om weer sy emosies onder beheer te kry.

Hy word ook bewus van die harde, vinnige ritme van sy hartklop, so asof dit vir ’n paar oomblikke, toe sy verskyn het, opgehou het met klop en nou die verlore tyd moet inhaal.

So ’n indruk het geen vrou nog ooit op hom gemaak nie. Hy wil haar gaan soek en vind.

Sy aandag is weer terug by die gesprek om die tafel, maar hy is nou haastig dat hulle moet klaarkry. Toe hy uiteindelik kan wegglip, haas hy hom na die klerk by ontvangs, in die hoop dat die man sal weet wie sy is.

“O ja, meneer, sy is die argeoloog se dogter.”

“En is die argeoloog op die oomblik hier?” vra die ouer man oorkant die toonbank met ongeduld duidelik in sy stem.

“Hulle het ’n ruk gelede vertrek,” antwoord die jong man en raak weer besig met die regskuif van die artikels

op die toonbank.

“Kan jy my ’n naam gee?”

“Van die meisie? Maar u weet tog dat ek nie so iets mag doen nie!” sê-vra die jong man.

Die man oorkant die toonbank leun vorentoe en sê met gedwonge vriendelikheid. “Natuurlik, maar ek soek die naam van die argeoloog!”

“In daardie geval mag ek dit seker gee. Hy is doktor Ed Millar van Engeland.”

Vir ’n paar oomblikke is dit stil voordat die besoeker weer praat. “Het hulle die hotel verlaat, of het hulle net iewers heen gegaan? En as hulle vertrek het, weet jy waarheen?” sê hy en sukkel om sy stem gelykmatig te hou.

Die klerk kyk nou agterdogtig na die man, maar die lyk nou so streng dat hy maar besluit om al die nodige inligting aan hom te gee, in die hoop dat hy hom daarna sal uitlos.

Die lang man met sy ligte somerspak klere, haal geld uit sy sak en gooi dit op die toonbank voor hom neer, draai dan om en stap sonder ’n verdere woord weg. ’n Brandende begeerte om haar te vind, het van hom besit geneem.

* * *

Intussen het die meisie, Azara Millar, haar by haar pa aangesluit, waar hy reeds by die huurmotor staan en wag het op haar.

“Daar is jy,” sê doktor Ed Millar en staan eenkant toe sodat sy kan inklim. “Het jy alles gekry wat jy nog wou koop?”

Azara druk haar kop teen haar pa se skouer. “Ek kan nie wag om te vertrek nie, pappa!”

Die area waar hulle by die ander reisigers gaan aansluit is naby die kleurvolle stalletjies van die Arabiere. Azara se belangstelling is dadelik geprikkel.

“Kan ons nie gou daar ’n draai maak nie?”

“Wel, dit gaan nog ’n tydjie neem voordat ons vertrek, so jy mag maar gou daar gaan rondkyk.”

Die motor het reeds gestop en Azara help met die afpakkery. “Nee,” sê Ed, “gaan nou en gaan loop jou draai. Ons sal self hier regkom, maar jy loop nie te ver nie, hoor.”

Kalif, waarheen hulle op pad is, is ’n oase naby die Hoggarberge van die Sahara, waar Ed Millar reeds ’n jaar gelede vir ’n ruk saam met sy span studente en ’n paar kollegas gewerk het. Ander werk het hom weggeroep en toe dit agter die rug was, moes hy dadelik na die opgrawingsgebied langs Kalif terugkeer.

Hierdie keer het hy egter besluit om sy dogter met hom saam te bring. Terwyl hy werk, kan sy vakansie hou.

Ed voel nou meer bekommerd oor haar as in die verlede. Sy dogter is beswaarlik negentien en sy jarelange huishoudster het hom vertel van die jongmans wat gedurig daar wil kuier.

Dit het hom die besluit laat neem om haar vir ’n ruk van alles weg te neem en so kan sy ook ’n kykie in sy wêreld kry. Sy sal nou kan sien waarmee hy hom deur die jare besig gehou het en wat die rede is waarom hy so dikwels weg van haar was.

Op sy vraag of sy van die ondervinding sou hou om die laaste gedeelte van die reis na die oase met kamele te doen of met die viertrekvoertuie, het sy gekies soos hy graag wou hê. Haar kinderlike opgewondenheid oor die avontuurlike rit het sy hart verbly.

Ed staan en kyk sy dogter agterna, sien hoe sy loop en rondkyk en toe voor 'n materiaal plek stop. Hy is seker dat sy veilig sal wees en gee weer sy volle aandag aan hul bagasie.

Die stalletjies is 'n byenes van bedrywighede. Azara vind uiteindelik wat sy soek en sien die handelaar raak wat reeds na haar toe aangestap kom.

Die laat oggend hitte brand op die droë gras en stof om hulle en die reuk daarvan laat Azara aan die vakansie dink wat op haar wag.

Sy is onbewus van die vyf perderuiters wat die area ingery gekom het, want sy en die handelaar is nou in druk gesprek oor die prys van die silwer-blou Pashmina.

Die groot swart perd dra gemaklik die gewig van die lang man in die swart tradisionele, Arabiese kleredrag. Behalwe vir die nou spleet om deur te sien, bedek die kunstig gedraaide hooftooisel sy kop en gesig. Sy uitrusting en die pikswart perd onder hom, laat hom geheimsinnig en sinister voorkom.

Die indrukwekkende swartgeklede gestalte laat die koppe van die toeriste draai waar hulle staan en gis oor wie dit is. Sy regterhand hou die teuels liggies vas en hy skep die indruk dat indien die perd paniekerig sou raak, hy oombliklik die dier sal kan beteuel.

Sy oë vee onbelangstellend oor die mense totdat daar skielik 'n opflikkering in verskyn. Net die wat hom staan en dophou sou die skielike verandering in sy houding kon agterkom.

Die ruiters druk die perde stadig tussen die bedrywighede deur en knoop geselsies aan met die omstanders en handelaars. Die wat saam met die swartgeklede ruiter ry, se gesigte is net gedeeltelik versluier, maar almal dra swart klere in die tradisionele styl.

Dit is nie 'n ongewone gesig om perderuiters in hierdie gedeelte van die stad se uithoek te sien nie. Vir die menigte toeriste wat hierdie gedeelte besoek, maak dit maar net nog 'n ou wêreldse besienswaardigheid uit.

Azara is besig om te kibbel oor die prys van die Pashmina waarin sy belangstel. Die prys is te hoog en sy weet wat die prys min of meer moet wees. Haar besondere haarkleur het die vroue en kinders om haar in vervoering en almal probeer daaraan raak. Die son tower goud in die ligte rooi hare op, maar sy is salig onbewus van die vroue se bewondering vir haar.

Net toe die swartgeklede ruiter 'n paar tree agter haar is, draai sy haar kop in sy rigting terwyl sy na die handelaar se redenasie luister. Haar groen oë is geraam tussen digte bruin wimpers en die haar mooi geboogde wenkbroue vlerk wyd weg vlerk na haar tempels. Haar perfekte neus en die natuurlike sagte-pienk lippe waarvan die onderste een effens voller as die bo-lip is, maak haar betowerend mooier lyk.

Hy trek sy asem stadig in en sit net genoeg druk teen die perd se flanke om die dier verder van haar te laat beweeg. Hy knik sy kop liggies in die rigting van die man agter hom wat die boodskap dadelik verstaan. Hy trek sy shemagh hoër op teen sy gesig en beweeg sy perd tot naby die meisie. Die voorste ruiter het 'n ent

verder gestop.

“Ek kan nie die prys verlaag nie, dit is egte sy! Verstaan tog dat ek ’n vrou en kinders het. Hoe kan ek hulle versorg as ek alles goedkoop moet verkwansel?” Die handelaar kyk weg van die meisie en sien die perd naby hulle. Hy moes die ruiter herken het, want sy oë soek verder tot hy die perd en die gemaskerde man in swart, ’n ent verder sien staan. Twee paar oë ontmoet en ’n onuitgespreekte transaksie word dadelik beklink.

Toe die handelaar weer praat, is die ongeduld weg en sy stem klink nou stroperig vriendelik. “Ek het van gedagte verander.” En met die woorde gryp hy die materiaal uit haar hande.

“Nee, wag! Ek wil dit regtig koop.” En sy gryp dit terug uit sy hande. “Ek sal jou die prys gee wat jy vra.”

“Ek gee jou iets beter en doen jou vandag ’n guns.” Hy druk sy kop nader aan haar en Azara sien dat die wit van sy oë ook amper bruin vertoon. Sy trek spontaan weg van hom. “Die Pashmina is joune. Ek gee dit vandag aan jou. Verniet!” Hy druk ’n plastiek sak in haar hand. “Sit jou geskenk daarin,” en hy gee ’n tree weg van haar.

Agterdog is dadelik duidelik in haar groen oë te bespeur. “Waarom? Eers wil jy baie geld hê en nou gee jy dit eenvoudig verniet weg?” Sy hou die geskenk uit na hom, maar toe hy dit nie terugvat nie, sit sy dit op die ander goed in sy stalletjie neer. Hy gryp dit en druk dit weer in haar hande in.

“Maar u wou dit so graag hê. Vat dit nou!”

“Waarom wil jy dit nou verniet aan my gee?” Azara waai tevergeefs die vlieë weg wat nou lastig in die warm lug raak. Die reuk van vleis en ander kos wat oor oop vure gekook word, asook die diere en die soet sweetreuk wat in die bedompige lug hang, is ’n uitnodiging vir elke vlieg en brommer in die omgewing.

“U is so pragtig,” en hy buig met gevoude hande laag voor haar. “Laat my toe om ’n bydrae te gee wat u skoonheid net kan verhoog.”

“Dankie, maar nee dankie.” Sy draai vinnig weg, maar hy haal haar in en druk die materiaal weer teen haar vas.

“Neem dit!”

“Nee, ek wil dit nie meer hê nie. Ek vertrou jou nie. Iets is verkeerd!”

Weer druk hy die pakkie teen haar vas. “Aanvaar asseblief die geskenk van my af!” pleit hy nou.

Die ruiter wat vroeër nader aan haar was, is skielik weer daar en die druk nou die dier tussen hulle in. Dit gee Azara die geleentheid om weg te kom en te hardloop na waar haar pa is.

“Ons is amper reg om te vertrek,” sê haar pa, toe sy uitasem by hom aankom. “Alles gesien wat jy wou sien?”

“Ek dink so,” sê Azara, nog steeds effens ontsteld oor haar onderonsie met die Arabier.

“Ons vertrek met hierdie twee voertuie. Hulle neem ons ’n goeie gedeelte die woestyn in. Daarna sluit ons by die karavaantrek aan vir die laaste skof. En dit is hier waar jy jou eerste rit op ’n kameel se rug gaan kry,” glimlag hy. “Die voertuie ry vertrek onmiddellik daarna om die voorraad so gou as moontlik by Kalif te kry.”

* * *

Soos hulle ry word die pad meer sanderig totdat hulle later wegswenk en tussen die eerste van die woestyn se

geelbruin sandduine begin vleg.

“Vertel my weer van Kalif, pappa?” vra Azara nadat hulle reeds ure ver gery het.

“Wel, Kalif is ’n groot oase wat dig begroei is met palmbome en ander inheemse plante. Daar is ook genoeg water wat dit ’n natuurlike oorstaanplek maak vir die nomadiese volk. Niemand vind dit vreemd dat die inheemse volke vir lang tye daar oorbly nie. Hulle kom natuurlik met alles wat hulle besit. Vroue, kinders, diere en net mooi alles. So ’n oorstaan gee die kinders kans vir ’n bietjie skoolopvoeding voordat hulle weer verder die woestyn in trek. En wanneer hulle weer eendag opdaag, gaan hulle maar net weer aan waar hulle opgehou het.” Ed lag. “Mens kan hulle seker maar “ewige studente” noem.”

Ed het seker gemaak dat hy die laaste gedeelte deur die woestyn so kort as moontlik hou omdat die geweldige hitte dalk vir sy dogter te veel kan word.

Uiteindelik is hulle by die karavaantrek en groet die wat verder met die voertuie gaan. Die kamele wat hulle gaan gebruik kla hard toe hulle op die knieë gedwing word. “Stap net stadig tot by hom,” moedig haar pa haar aan. “Sit nou jou been oor en skuif in op die sitplek. Goed dis reg so,” sê Ed toe sy gemaklik sit. “Leun agteroor wanneer hy nou opstaan en stadig vorentoe sodra hy sy voorbene beweeg en reguit maak. Die goeie nuus is dat die afklim darem makliker is.”

Azara het die stadige swaaipas van die kameel se stap, gou gewoond geraak.

In die euforie van die trek en die aaneenlopende horison kan Azara nie uitgepraat raak oor die besondere skoonheid van die woestyn nie. Minwetende vir die reisigers word hulle reeds van dag een af agtervolg deur vyf perderuiters waarby nog ruiters hulle later by die vyf aangesluit het. Dag vir dag behou hulle die afstand tussen hulle en die kameeltrek om nie gehoor of gesien te word nie, maar hulle is ten volle bewus van alles wat die reisigers elke oomblik doen.

Die dae is skroeiend warm en Ed het gereël dat hulle net op die koeler gedeelte van die dag, maar ook in die nag, sal reis. Op die warmste tyd van die dag sal hulle dan in die tente bly en slaap.

Hy is haastig om by hul bestemming uit te kom, maar hy besef dat hy sy dogter in aanmerking moet neem, aangesien dit hy was wat die rit met kamele voorgestel het. Sy is sy vreugde en dit is nie maklik vir hom om haar gedurig so op haar eie in Engeland te los nie.

Hy vertrou haar, maar die jongmense by die universiteit is te modern na sy sin, dink Ed, en die kêrels wat daar by haar kom vlerksleep! Wel, dit het hom net ’n groter rede tot kommer gegee.

En daardie Barry Parks! Daardie een se tong is gans te glad, dink Ed met irritasie in sy hart.

Hy sien ’n beter toekoms vir sy dogter en Parks is nie deel daarvan nie. Ja-nee, dink Ed, hy doen die regte ding om haar hierdie paar maande daar weg te neem en hy hoop om gedurende hierdie tyd ’n ernstige gesprek met haar te kan hê.

Deur die jare het sy werk so baie van sy tyd in beslag geneem, dat hy al die verantwoordelikheid van kind grootmaak aan sy vrou oorgelaat het. Azara was skaars ’n tiener toe sy vrou sterf en die nonne van die Katolieke kerk het nie genoeg kennis of ondervinding gehad om haar voor te berei op ’n harde en dikwels,

gewetenslose wêreld nie. Hy het nie geweet wat om te doen nie, want haar talent om te skilder was so besonders dat hy net die beste onderrig vir haar wou hê. Met tyd kom raad, dink hy nou en wie weet, dalk is hierdie ekskursie saam met hom net die regte ding wat die antwoorde sal bring. “Ja, meneer Barry Parks, vir ’n lang ruk sal jy nie my deur se drumpel kan warm hou nie! Jy kan maar onder ’n koue stort gaan inspring!”

Die gedagte aan ’n koue stort laat die woestynhitte van die middag en die bedompigheid binne-in die tent, sommer vir hom ’n paar grade styg, maar hy troos hom daaraan dat dit binnekort koeler gaan wees en dan kan hulle die reis voortsit. Gelukkig is hulle nie meer te ver van hul eindbestemming af nie.

Ed is bly dat sy dogter deel uitmaak van hierdie trek, want ’n reis deur die woestyn op die rug van ’n kameel is iets om te beleef wanneer jy in die gemak van ’n Westerse wêreld groot geword het.

HOOFSTUK 2

Perderuiters, aangetrek in die tradisionele drag van die Toeareg volk met hul oë skaars sigbaar agter die spleet in die kunstig gedraaide hoofbedekking, sit roerloos en wag op donker Arabiese perde.

Die voorste ruiter vertoon langer as die ander en daar is ’n onmiskenbare trotse houding in sy swart geklede gestalte.

Geen geluid word in die woestyn nag gehoor nie, net die stemme van die nomades wat saam met die kameeltrek is, klink in die nag op.

Die voorste ruiter gee ’n waarskuwende teken met sy hand om te verhoed dat sy makkers beweeg. Die tyd is nog nie reg nie.

Nie lank nie, of die eerste van die lang trek kamele kom in sig toe dit stadig en niksvermoedend, oor ’n duin afstap na ’n plat, skoongewaaide gedeelte tussen hoë sand.

’n Opgewondenheid trek nou deur die rowers. Hulle het lanklaas saam gery, lanklaas die avontuurlike beleef. Die avontuur van ’n rooftog op ander woestyn reisigers, wat onwetend in die strik gaan vasloop wat vir hulle gespan is.

Steeds word die perde ingehou, maar elke ruiter is intens bewus van die trillende spiere onder hom. Elkeen moet die teuels stewiger vasvat om die diere stil te hou, want wedersyds kan hulle die opgewonde afwagting in hul ruiters aanvoel.

Wanneer die laaste kameel sy pad stadig tot onder in die wadi loop, laat die reisigers hulle self onwetend kwesbaar vir enige aanval, sou hulle voorgelê word.

Die sand het hier skoongewaai en ’n soort plat kom gevorm met hoë sandduine rondom dit. Dit is die perfekte plek vir ’n aanval en die Toeareg rowers kon dit nie beter gekies het nie.

Soos die trek voort beweeg voel geeneen die teenwoordigheid van gevaar aan nie. Sou iemand ook die wêreld om hulle bekyk kan die donker kol waar die rowers, amper onsigbaar ’n ent verder staan, bloot as ’n skadukol gesien word.

Toe alles in lyn met die aanvalsplan is, lig die voorste ruiter sy hand en laat dit vinnig terugval.

Donker skimme kom in beweging en die gestaltes beweeg geluidloos en versigtig terug sodat die aanval van agter geloods kan word.

Hulle beweeg in ’n halwe sirkel om die sandduine totdat hulle agter en naby die niksvermoedende mense is. Geen geluid van perdehoewe kan in die los sand gehoor word nie.

Toe die leier sien dat sy bende reg in posisie is sê hy fluisterend; “Julle weet wat julle moet doen, sien julle dan later by die kamp.” Dan beweeg hy weg van hulle af en agter die sandduine langs, om by die een te kom, wat hoog en reg voor die trek afgebaken teen die lig van die sterre staan.

Hy bereik sy doelwit sonder enige geluid wat sy teenwoordigheid kon weggee. Sy hand met die handskoen streel sag en aanhoudend langs die nek af van die hoogsbesnaarde Arabiese hings. Alles hang daarvan af dat geen gesnork of runnik nou van die dier gehoor word nie.

Wanneer hy seker is van kalmte by die dier, druk hy hom stadig die los sand uit tot amper bo-op die kruin waar hy nou alleen sit en wag.

"Die oomblik is hier," dink hy. "Uiteindelik!" En hy kan die bloed deur sy are voel bruis.

Pandemonium breek los wanneer donker geklede rowers skielik gillend en in dolle vaart van agter die trek, teen die sand afgejaag kom, terwyl hulle sarsie op sarsie skote in die lug afvuur.

Binne sekondes verander die stil woestyn nag in 'n hel van bloedstollende, gillende aanstormende ruiters op vreesaanjaende swart perde, wat die sand hoog opskop onder hul moorddadige sterk hoewe. Daarby lyk hulle grotesk, want in die gejaag bol die oorkleed wat deel van hul drag uitmaak, wyd om hulle en verander alles in 'n spel van onheil in die swart nag, soos hulle aangestorm kom.

Angskrete verander gou in 'n gekerm en gepleit toe die verskrikte kamele sukkel om onder hul vrag weg te spring en die wat reeds afgegooi is, hardloop deurmekaar tussen die vreesbevange diere se gemaal deur, opsoek na 'n plek om weg te kruip. "Waar's die wapens! Kry die wapens!" skreeu Ed Millar, maar sy stem kan net vaagweg deur die geraas gehoor word en ook net deur die wat die naaste aan hom is. Niemand steur hulle egter aan hom nie, want dit is te laat om nou na enige wapens te begin soek. Die aanstormende ruiters is op hulle en die meeste het reeds saamgebondel en sak spontaan op hulle knieë neer met hul hande in die lug.

"Azara! Azara! Waar is Azara?" skreeu Ed vreesbevange. Hy sien en hoor haar na hom roep vanwaar sy ook tussen die mense neersak op die sand.

Verlig hardloop hy na haar toe en sak langs haar neer. Die gekerm van die nomades het opgehou, want almal se oë is nou op van die rowers wat lustig deur al die bagasie gaan. Alles word eenvoudig sonder seremonie op die sand uitgegooi.

Die paar ander wat nie van die perde afgeklim het nie, ry stadig en met vuurwapens dreigend op die mense gerig.

"Kyk daar!" roep iemand met 'n angsgevulde stem uit. Al die koppe swaai vinnig om na hom en dit lyk kompleet soos toeskouers by 'n tenniswedstryd. Eers swaai al die koppe vinnig na hom en toe weer vinnig in die rigting waarin hy kyk. Dan sien hulle dit ook... roerloos sit hy daar op sy perd, hoog op die sandduin reg voor hulle. Swart afgeëts teen 'n blouswart en sterbelaaide hemel soos dit net 'n Arabiese nag kan lyk.

Die naam, E1 Khobar, kan nou oral gehoor word soos dit saggies oor bewende lippe gefluister word.

Net die naam alleen dwing respek af en dat hierdie woestynmense 'n heilige vrees het vir die man wat lankal reeds 'n legende geword het, is nie te betwyfel nie.

Niemand kyk nou meer na die rowers wat steeds lustig deur die bagasie van die reisigers krap nie, want die amper sinistere figuur van die roerlose gestalte op die perd hoog bo hulle, hou almal se aandag gevange.

'n Amper onhoorbare gekerm het weereens onder die gidse uitgebreek, want hulle vrees hierdie man en sy bende. Hoe goed onthou hulle nie die rooftogte uit die verlede nie? Sy reputasie loop hom vooruit en dwing oral respek af. Net toe hulle dink dat die woestyn weer 'n veilige plek geword het, verskyn hy vannag weer voor hulle.

Azara skuif versigtig nader aan haar vader.

Die rowers is in die minderheid, maar die reisigers is met uitstekende vernuf so onkant gevang dat hulle nie die kans gehad het om na hul wapens te gryp nie.

Nou kan almal maar net wag om te sien wat volgende gaan gebeur.

"Pappa," fluister Azara, maar haar pa onderbreek haar toe hy dringend terug fluister.

"Sit stil, Azara. Terwyl die man daar bo so stilsit, is ons in groot gevaar. As hy weg beweeg van daar bo af, sal hulle ons laat gaan, so moet asseblief niks sê of doen nie."

Intussen het die gekrap deur hul bagasie tot 'n einde gekom en dit wil voorkom asof die ruiters gereed maak om te vertrek. Wapens word egter steeds deur 'n paar van hulle op die knielende mense gerig.

Net vir 'n oomblik is die donker figuur nog sigbaar, maar dan verdwyn hy so stil soos hy gekom het.

Al die rowers is nou terug in die saal en trek met 'n luidrugtige gelawaai weg in die rigting vanwaar hulle gekom het en weereens met wapens omhoog, word skote in die lug afgevuur totdat die laaste een agter die duine verdwyn.

'n Vreemde stilte het nou neergedaal en die mense staan verskrik op, maar ook met verligting dat hulle so lig daarvan afgekom het. Hulle kyk half onseker om hulle rond. Dit is asof geeneen nou regtig weet wat om volgende te doen nie.

Ed trek sy dogter styf teen hom aan. "Alles reg?" vra hy met teerheid in sy stem.

"Ja dankie, Pappa."

"Goed mense," sê Ed dan fèrm, "kom ons kry ons goed bymekaar. Ek wil so gou as moontlik vertrek sodat ons almal veilig by Kalif kan opdaag."

Dit was asof sy streng en positiewe woorde almal dadelik kalm kon kry en die lig van die flitsligte wat die gidse altyd aan hul gordels vasgemaak hou, is genoeg om die kamele terug te bring. Almal werk vinnig om die diere gepak te kry en die bagasie vas te maak.

Azara het van hul besittings gevind en dra dit stuk vir stuk na waar haar vader besig is. "Pappa, hierdie mense het wel almal se goed deurgekyk en uitgegooi, maar ek het nie gesien dat hulle enige iets vir hulself gevat het nie. Is dit nie vreemd nie?" Ed trek homself reguit en wonder nou self waaroor dit dan gegaan het. "Dit is vreemd, ja," sê hy, voordat sy dogter weer wegstap om nog goed te help aandra.

Sonder dat enigeen dit verwag het en met geen geluid wat voorafgaan nie, kom die ruiters skielik weer van agter oor die duine gejaag en pyl reguit op die mense af. Weereens met 'n geskreeu en geweervuur en met die bokleed bollend om hulle asof die jillende geskreeu en die wilde geskiet nie genoeg is om hulle skrik en vrees die hoogte in te jaag nie.

Die tweede aanval is meer angswekkend met die mense wat wydverspreid rondgeloop het. Nou is die kamele weer 'n keer aan die weghardloop en bulk in hulle vrees en paniek om van die swaar gewig op hulle rûe weg te kom. Die mense hardloop gillend teen die sand uit, in vrees dat hulle hierdie keer met hulle lewe gaan inboet.

Azara, wat 'n hele ent weg van haar vader is, swaai verskrik om toe die eerste ruiter oor die rand van die duin

gejaag kom en sien hoedat hy reg op haar afgejaag kom... Sy begin hardloop om voor die hoewe van die perd weg te kom. In die gehardloop kyk sy om en sien dat die perd reeds op haar is. Die volgende oomblik swaai die ruiter sy liggaam laag teen die kant van die perd af en binne ’n breukdeel van ’n sekonde, word sy van haar voete afgeruk.

Asof sy so lig soos ’n veertjie is, word sy hardhandig voor hom op die perd neergegooi, waar sy pynlik met ’n sterk hand vasgepen word.

Nogeens hou die gejaag aan en so ook die geweerskote. Totdat die stilte vir ’n tweede keer neerdaal wanneer die nag die gemaskerde rowers insluk en saam met hulle ook vir Azara.

Nog in skok, na alles wat in so ’n klein tydjie gebeur het, klou die meisie verbete aan man en perd vas, in vrees dat sy van die perd kan afval en doodgetrap word.

Die perd word na ’n rukkie ingehou en dit wil vir haar voorkom asof hulle nou terugbeweeg in die rigting vanwaar hulle so pas gekom het. Uiteindelik bring hy die perd tot stilstand en laat haar stadig teen die dier se sy afsak.

Azara gee ’n paar vinnige treë weg van hom. Sy weet dat dit dwaas sal wees om nou te probeer weghardloop, want waarheen kan sy tog hardloop? Hy sal haar in elk geval net weer inhaal. Indien hy haar sou uitlos, sal sy sonder sy hulp in die woestyn omkom. In hierdie harde en op die oomblik vir haar, ’n vyandige en gevaarlike plek. En hy weet maar al te seker dat sy aan sy genade oorgelaat is.

Omdat sy nie ’n poging aanwend om te probeer wegkom nie en net doodstil staan, wonder die man of sy nie dalk ’n dolk by haar het nie. Sy mag dalk reeds met die gedagte speel om dit op hom of haarself te gebruik.

’n Groot, geel maan is besig om sy pad stadig deur die swart nag binne te seil en verdring die lig van die ontelbare sterre. Dit gee ’n bleekheid aan die sandwoestyn wat om hulle tot by die verste ver strek.

Die Toeareg begin die perd stadig in ’n sirkel om haar beweeg en dit voel vir Azara asof sy die prooi van ’n groot, swart, giftige spinnekop geword het. ’n Spinnekop wat nou besig is om haar subtiel in sy web toe te spin.

Asof gehipnotiseer staar sy na die groterwordende sirkel in die sand wat haar ontvoerder se perd besig is om uit te trap, toe hy skielik vorentoe buk en rats die sluier vinnig van haar kop afruk. Haar massa rooigoud krulle tuimel oor haar skouers en die lig van die maan vind dadelik sy plek jaloers daarin.

Die skerp intrek van sy asem laat die meisie haar kop na hom opruk.

Hy gly uit die saal en hou die perd aan die leisels vas en met die gedagte dat sy dalk wel ’n dolk by haar kan hê, behou hy die paar treë afstand tussen hulle.

Sy gesig is so goed toegedraai dat net die blink van sy oë sigbaar is, maar Azara kan sien dat hy haar fyn dophou.

Buiten sy lengte en die feit dat hy vreesaanjaend vertoon, is daar iets aan hierdie man wat Azara onbeheersd aan die bewe het. Dit is asof daar ’n soort magnetisme en ’n soort selfversekerdheid om hom is wat die indruk skep dat hy alles kan vermag. Asof hy oor alle mag beskik en dat iemand uit eie wil, sy gewillige slaaf wil

wees.

Die blink van sy oë trek haar soos 'n magneet nader.

"Laat my gaan, asseblief," sê sy smekend.

Sy moet nou smeek en wegkom, dink sy, want dit voel vir haar asof sy net hierdie een kans gaan kry om van hom af weg te kom en indien nie, sal sy nooit weer kan nie.

"My vader is oud, wees ons genadig, meneer en laat my teruggaan." Haar stem klink helder en hard in die suiwer koue van die naglug.

Sy wonder of hy haar taal kan verstaan, maar sy hou nogtans aan om vir haar vryheid te pleit.

Nog met die teuels in sy hand vou hy sy arms oor sy bors en kyk af na haar. "Waarom?" Sy stem sag en gedemp agter die materiaal. "Waarom moet ek jou laat gaan? Jou rede is nie goed genoeg nie." 'n Stilte volg.

Sy laat haar kop sak en sê amper onhoorbaar sag. "Hy is al wat ek het en ek is al wat hy het."

Toe hy weer praat, is daar 'n growwigheid in sy stem.

"Kyk na jou," en hy swaai sy kop dat dit lyk asof hy met die gebaar haar liggaam tot in die fynste besonderheid kan sien. Sy gedempte, sagte stem klink grof en vol emosie toe hy sê. "Jou skoonheid is ongeëwenaar. Wie sal jou nie wil besit nie?" en die woorde klink meer na 'n opmerking as 'n vraag.

"Wat... wat as iemand my reeds besit?"

Tot haar verbasing lag hy saggies. "Dan nie meer na hierdie nag nie! Jy is nou die eiendom van El Khobar!" Hy swaai homself rats terug in die saal en hou sy hand na haar toe uit.

Azara weet nie wat haar te doen staan nie.

Waarheen is hy van plan om haar te neem? Haar vader is natuurlik teen hierdie tyd rasend van bekommernis oor haar en hy sal hom natuurlik haas om so gou as moontlik by Kalif uit te kom. Daar kan hy met die regte mense wat die woestyn ken 'n soektog op tou sit. Sy wil ook nie saam met hierdie man gaan nie, want wat as hy haar na die een of ander harem gaan neem? Of 'n tent tussen die sandduine waar hy haar vir sy eie plesier kan aanhou?

As sy vir hom sou sê om haar net hier te los, sal hy aan haar versoek voldoen? En waarheen dan? In watter rigting lê Kalif ? Hoe ver is sy uit haar pad geneem?

Dan neem sy die besluit dat, waar hy haar ook al heen neem, sy hulp sal probeer kry wat haar na haar vader kan terugneem. Vir nog net 'n oomblik huiwer sy en toe stap sy nader en laat toe dat hy haar op die perd help.

"Goeie besluit," sê hy, asof hy van haar innerlike konflik bewus was.

Met sy hand besitlik om haar skraal middeltjie laat hy die perd stadig tussen die duine deurloop en groot is haar verbasing toe sy die karavaan 'n ent voor hulle, in hul rigting sien aankom.

Met sy mond naby haar oor, fluister hy. "Is jy nie nou bly dat jy tog saam met my gekom het nie?"

"Volgende keer sal ek seker maak dat ek nie naby jou kom nie!" sê sy skerp.

"So, dan sien jy ook uit na ons volgende ontmoeting?" Azara kan die lag in sy stem hoor en wens dat sy haar tong kan afbyt. Sy sukkel nou self om van die perd af te kom en stamp sy hande weg toe hy haar wil help.

Hy ignoreer haar geveg teen hom en gryp haar met albei sy hande stewig om haar lyf vas en laat haar weereens versigtig langs die perd afsak. Toe haar voete op die sand is, wil sy wegspring en hardloop, maar hy moes dit verwag het en gryp haar een hand hard vas.

“Ons ontmoeting was lank gelede reeds in die sterre geskryf, my bruid, weet dit,” en hy sit klem op die laaste woord. “So sal ek altyd weet waar jy is en wat jy doen. Jy behoort nou aan my en ek kom jou binnekort haal. “Insha’Allah.”

“In jou drome!” spuug sy die woorde uit en met ’n harde pluk ruk sy haar hand uit syne uit en hardloop weg van hom af. Sy hoor sy opgewekte lag en toe sy omkyk, het hy reeds soos ’n skim in die nag verdwyn.

Azara sak op die sand neer. Die skok van die laaste paar uur tref haar nou en haar bene weier om haar verder te dra.

HOOFSTUK 3

Geleidelik het die see van sand begin verander en het die trek deur kleinerige kliprantjies begin beweeg. Die berge wat ver op die horison gelê het, is nou voor hulle en almal deel in mekaar se vreugde om uiteindelik in die veiligheid van die oase Kalif aan die voet van die Hoggarberge, te wees.

Van veraf kon hulle die groen soom teen die berg sien, want die oase is dig begroei met palmbome en ander inheemse plante. Die kamele het ook reeds die water geruik en daar word vasgevat en gesukkel om die diere te beheer. Ed ry nader om sy dogter hiermee te help.

Soos die gebruik is het die ramshoring reeds hulle aantog aangekondig en soos hulle onder die bome en hoër klipkranse begin inbeweeg het talle van die inwoners hulle kom verwelkom.

Dr. Millar se studente is ekstaties van blydskap om hom te sien en die paar kollegas wat intussen ook hul opwagting by die opgrawings gemaak het, groet net so hartlik.

Azara ontmoet vir die eerste keer die mense wat deur die jare, skouer aan skouer saam met haar pa gewerk het. Sy sien ook die besondere vriendskapsband tussen hulle en dit voel vir haar asof sy net daar ’n familie bygekry het.

“Ek beveel aan,” sê Tersius Buys, een van haar pa se jonger kollegas, “dat alle werk vir die res van die dag gestop word, want ons het baie gesels om in te haal.” Daarmee het almal heelhartig saamgestem. “Maar,” voeg Tersius by, “ons gun ons moeë reisigers die tyd om eers te rus en ’n welverdiende bad te geniet.”

Net na sonsondergang het almal langs ’n vuur onder die digte palmbome bymekaar gekom. Ou legendes word opgediep en die vonds wat reeds gevind is asook die onlangse opgrawings wat in die afwesigheid van dr. Ed gedoen is, word in diepte bespreek.

Dae word weke en Azara hou haar besig met skoolonderrig by die paar kamers wat gebou is, sodat die meer permanente kinders met hul skoolopleiding kan voortgaan. So is daar ook die gedurige aankoms van die nomades vir wie die skoolprogramme ’n welkome uitdaging geword het.

Die tente staan wyd versprei, want wanneer die nomades aankom is dit gewoonlik met al hul familie en natuurlik ook al hulle lewende hawe. So skuif hulle alle besittings van oase tot oase.

Hierdie is die eerste oase wat Azara in haar jong lewe nou kan sien en beleef, danksy haar pa se besondere werk. Diep vanuit die sand en rotse is daar ’n aanhoudende vloei van ondergrondse water wat die natuurlike damme tussen die rotse voed. Dit alles saam met die woestyn en omliggende bergreeks het haar genoop om haar verf en kwassies uit te pak. Die spel van kleure is elke dag vir haar anders en wanneer sy die kans kry, verdwyn sy om iets op doek te gaan vaslê.

Sy maak ook seker dat sy elke dag ’n tydjie by haar vader deurbring en sy sit net so ywerig met die borsels en vee, sodat brose vondse nie breek voordat dit met sensitiewe hande uitgehaal kan word nie.

“Hier,” en Tersius beduie na ’n sitplek langs hom toe Azara die opvangsgebied binnestap. Azara kyk eers om haar rond om te sien waar haar pa is, maar hy is so besig dat sy besluit om langs die aantreklike jong kollega van haar pa te gaan sit en ’n rukkie by hom te kuier.

“Mooi,” sê hy ingenome.

Sy geniet sy geselskap en op sy beurt sien hy dat sy ’n intelligente en opregte belangstelling in alles het waarmee hulle daar besig is.

Vandat Azara en haar pa by die oase aangekom het, het Tersius gesorg dat hy dikwels naby haar is. Hy het haar ook gereeld genooi om kort entjies saam met hom te gaan stap, wanneer hy klaar gewerk het en die dag se ergste hitte verby was. Sy het hom aangename geselskap gevind en met hul saamkuier het sy hom goed leer ken.

“Sal ons een van ons wandelinge doen?” roep Tersius een middag voor haar tent, waarop Azara haar kop na buite druk en hom met ’n groot glimlag begroet. “Dit sal lekker wees. Ek voel juis so verveeld vanmiddag.”

“Dit kan ons nie toelaat nie!” Hy steek sy hand na haar toe uit en sy neem dit dadelik. Vir die eerste keer vandat sy hom ken, gesels hy nie en stap hulle net hand aan hand met die nou bekende paadjie aan, totdat hy na ’n plat klip wys. “Kom ons sit vir ’n rukkie hier, mooi meisie,” en hy help haar amper liefdevol om tot by die klip te kom. Hy gaan nie self langs haar sit nie, maar druk net sy hande diep in sy broeksakke en staar na die wêreld om hom.

“Is daar iets verkeerd, Tersius? Jy tree anders op vanmiddag. Het daar iets gebeur wat jou teleurgestel het?”

“Mens kan so sê, ja,” en hy stap tot by haar. “Jy is so mooi, juffrou Azara Millar!” en hy lag speels voordat hy weer ernstig lyk. “Die ding is dat jy met soveel skoonheid enige man se kop laat draai. En ek is seker dat ek nie die enigste man hier is wat verlief op jou is nie!”

“Tersius!” roep sy geskok uit. “Ek hoop jy is verkeerd, want...”

“O nee, ek is nie verkeerd nie, dit kan ek jou verseker. Daar het iets gebeur en ek wil met jou daaroor praat.”

“Ja?” moedig sy hom vriendelik aan.

“Ek vertrek vanaand terug na Engeland...”

“Ag nee!”

“Jy klink spyt daaroor?” lag hy.

“Natuurlik, jy het vir my ’n goeie vriend geword!”

Tersius staar haar stip aan en met ’n hartseer uitdrukking in sy oë wat Azara nie kan miskyk nie. “’n Goeie vriend! Is dit al wat ek vir jou is? ’n Goeie vriend?” Hy draai sy kop weg en weer terug na haar. “Ek is verlief op jou, meisiekind!”

Sy liefdesverklaring laat haar verbouereerd voel, want sy het geen idee gehad dat hy so voel nie en sy weet ook nie nou wat om vir hom te sê nie. Tersius het reeds lankal gesien dat die pragtige meisie nog baie onskuldig is en daarom het hy dit gerespekteer en homself nie aan haar opgedring nie.

“Ek het gehoop dat, as ons meer tyd bymekaar kon hê, ek dalk die gelukkige man kon wees op wie jy jou hart kan verloor?”

“Ons kan mekaar mos weer in Engeland sien?” sê sy kinderlik.

Die erns verlaat sy oë. “Dan sal ek die hoop in my hart net eers daar los!” sê hy glimlaggend terwyl hy haar

afhelp.

Azara kan die trane nie keer toe die vier trekvoertuie daardie aand vertrek met Tersius en die helfte van die studente nie. Sy hoop van harte dat sy hom weer sal sien.

* * *

Die inwoners van Kalif word vanoggend vroeër as gewoonlik wakker geblaas deur die ramshoring wat vir hulle net een ding beteken... besoekers! Die geblaas hou nie op nie en 'n opgewonde beroering het almal nou na die ingang tot die oase aan die hardloop.

Azara sien haar pa en stap nader na hom. "More, Pappa."

Ed kyk af na sy dogter en trek haar nader om 'n soentjie op haar hare te druk. Sonder woorde staan hulle nou en wag om te sien wie dit is wat almal so aan die jubel het.

Swart en wit en donker blou geklede ruiters is besig om vinnig te nader. "El Khobar! Dis E1 Khobar!" kom dit van alle kante af.

Uitbundige uitroepe van vreugde klink oral op en net so uitbundig is die uitroepe van die donker ruiters. Daar word oor en weer goeie wense na mekaar uitgeroep.

Azara herken sy lang gestalte dadelik en met een lang tree is sy agter haar vader se rug, om nie deur hom raakgesien te word nie. Dit is nou te laat vir haar om terug tent toe te probeer hardloop, want dan sal sy beslis aandag trek.

Sy kleredrag lyk effens anders as toe sy hom laas gesien het, maar sy lenige gestalte en breë skouers sal maklik enige man wat naby hom staan, kan intimideer. So ook straal daar integriteit uit sy voorkoms sonder dat 'n mens hoef te sien hoe hy lyk. Hy laat haar dadelik dink aan een van die romantiese Arabiese helde uit 'n ou film.

Groot en klein probeer nou om aan die aankomelinge en hul salpeter-beswete perde te raak, want dit is nie aldag dat hulle so vereer word deur 'n besoek van 'n man wat hulle as 'n god sien nie.

Dit was dan juis hy wat hulle gehelp het toe hulle gebukkend onder die swaar hand van sjeik Ahmed Al-Hassad was. Sonder sy hulp sou hulle dit nie gemaak het nie. Hy het hulp aan die verarmdes van die woestyn gegee. Hulp toe niemand anders wou help nie. En was dit nie vir die groot en magtige El Khobar nie, sou hulle reeds almal omgekom het...

So besing hulle hom nou en kreet op kreet word uitgeroep wat sê dat hulle sy besoek nie waardig is nie.

Azara kan nie help om te glimlag oor al sy bewonderaars nie, want haar pa het haar vertel dat baie van die mense wel hierdie sjeik se volgelinge is.

Die vereerde groet en gesels vrolik met almal, maar sy merk dat sy oë die mense voor hom fynkam en sy probeer haarself nog kleiner agter haar pa se rug maak.

Vanwaar sy onder haar vader se arm deurloer, soos hy hande op die heupe voor haar staan en ver genoeg van die gedrang af, kyk hulle saam na die petalje voor hulle. Sy sien hoe die oë van die man telkemale oor die koppe van die mense heen kyk.